



## NOOD by BADISA

Hul benodig **dringend klere**, veral vir seuns & dogters, asook **onbederfbare kruideniersware** wat ons aan gesinne waar kinders is kan voorsien. Die nood is baie groot.

Gee asb af by Bergsig kerkkantoor of die Badisa kantoor by Victoria St 60.

## Hulp aan behoeftiges

Baie van ons lidmate wil graag betrokke raak by mense in ons gemeente wat swaarkry en behoeftig is. **Dankie vir julle diensbaarheid en omgeeharte!**

Dit is agv. die grendeltyd moeilik om self na so 'n gesin in nood te gaan. Die beste manier om te sorg dat jou bydrae by hulle uitkom, hetsy in die vorm van kontant of van 'n kospakkie, is om direk in ons gemeente se gewone bankrekening 'n deposito te maak en dit aan te dui as:

### Gemeente-nood.

Daar is tans 8 gesinne vir wie ons daaruit voorsien. As jy weet van mense wat fisies swaarkry, stel een van ons leraars in kennis sodat ons die nodige aan hulle kan voorsien.



## GGO Fonds Terugvoering



Dit is met diep dankbaarheid teenoor die Here God dat ons kan meedeel dat dit goed gaan met ons GGO fonds. Tot en met 31 Augustus moet ons begrote en verwagte inkomste R 58 333 per maand wees. Ons het tot einde Augustus 'n gemiddelde inkomste van R 62 044 per maand ingekry. **Aan die Here al die eer! En baie, baie dankie vir elke lidmaat wat getrou ook vir ons GGO fonds bydra.** Mag die Vader elkeen van ons sendelinge en ons hele gemeente oorfloedig seën!

## Sopkombuise in Themba lethu

Die VGK gemeente in Themba lethu het 4 sopkombuise waar hulle kos voorsien aan behoeftiges in die gemeenskap & Mandela Village plakkerskamp.

## CREMHOG

**Dankie vir alle gebede, donasies en skenkings om die bediening onder haweloses voort te sit.**

Ons bediening by die Kiosk in die middedorp verskaf nou weksdae middagetes om 12:00. Ons bedien wegneemaaltye saam met geestelike- en motiveringsgesprekke.

### NOOD:

- **CreMHog benodig dringend stoorplek van 5x3 m (garage grootte) om goedere vir 6 -12 maande te stoor.**
- **Loopskoene (no 3 - 8) vir ± 30 persone.**
- **Borg-'n-baadjie @ R150 elk vir haweloses. Ons het 50 warm baadjies gemaak.**

Die vlak 5 Inperking by Rosemoor het gewys dat met stabiele behuising en versorging vele mense op straat gehelp kán en wil word. Ons bid en vertrou dat 'n perseel so spoedig moontlik beskikbaar sal wees om Sosiale Rehabilitasie te fasiliteer.

**Ons versamel leë, skoon 1 liter jogurt houers en 2 liter roomys-bakke vir die uitdeel-etes.**

Vir meer inligting / om betrokke te raak by die bediening, kontak gerus vir

**Andre Olivier**  
(082 551 8900).



Christian Rehabilitation Ministries  
to the Homeless of George

Persone wat per EFT 'n bydrae wil maak: **CREMHOG**, ABSA, Spaar Rek 924 066 5875, Verwysing: Van & CREMHOG.

## SOPBEDIENING VIR HAWELOSES

**DRINGEND: Ons benodig 'n person om die sopbediening oor te neem** asook persone om te help om die sop in die Bergsig kombuis te verhit - 1 maal in 4 weke op 'n Donderdag-oggend. Kontak Anna-Marie van Eck as jy kan help (082 378 4776). Gee sop af by die Bergsig kerkkantoor.

Hulle benodig bestanddele soos **boontjies, lensies, groente, pasta, vleis, soppoeier, brood, blikkieskos of enige nie-bederfbare produkte.** Gee dit asb af by ons kerkkantoor. **Baie dankie** vir donasies reeds ontvang.